2026 Explaining the Budget Framework

25 February
#Budget2026

AFRIKAANS FEITEGIDS

# BUDGET

# WAT IS DIE BEGROTING?

Die begroting is 'n gedetailleerde plan wat as 'n gids dien vir hoe die regering geld insamel en bestee om nasionale prioriteite soos onderwys, gesondheidsorg en infrastruktuur te ondersteun.

## DIE BEGROTING BERUS OP VIER SLEUTEL-PILARE:

### 1. DIE MEDIUMTERMYN-BEGROTINGS-BELEIDSVERKLARING (MTBBV)

Wat die prioriteite van die regering bepaal.

### 2. DIE MEDIUMTERMYN-BESTEDINGS-RAAMWERK (MTBR)

Wat besteding vir die volgende drie jaar beplan.

### 3. DIE FISKALE RAAMWERK

Wat die verwagte inkomste en uitgawes aantoon.

### 4. DIE WET OP DIE VERDELING VAN INKOMSTE

Wat fondse tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regering verdeel.

### 5. DIE MEDIUMTERMYN-ONTWIKKELINGSPLAN (MTOP)

2024–2029, Suid-Afrika se sentrale strategiese raamwerk vir regeringsbeplanning, -begroting en -implementering, is daarop gerig om die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) Visie 2030 te bevorder.

### 6. DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN (NOP)

Is gebaseer op ses pilare wat die breë doelwitte van die plan verteenwoordig om armoede uit te skakel en ongelykheid te verminder.



national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

A NATION THAT WORKS FOR ALL

2030 NDP

# HOE DIE BEGROTING WERK

Die nasionale begroting is SA se finansiële padkaart, wat verseker dat fondse effektief vir ontwikkeling gebruik word. Dit balanseer inkomste en besteding deur noukeurige beplanning, voorspelling en aanpassings gebaseer op ekonomiese toestande en prioriteite. **Hier is hoe dit werk:**

## 1. VOORUIT-SKATTING VAN DIE EKONOMIE

Kundiges voorspel ekonomiese groei, inflasie en belasting-inkomste om besteding te beplan.

Hierdie vooruitskattings help om te verseker dat die begroting realisties en volhoubaar is.

## 2. INSAMELING VAN GELD VIR DIE BEGROTING

Belasting (soos BTW, inkomstebelasting en korporatiewe belasting)

Ander inkomste (doeanereg, heffings, en boetes)

Leen (indien nodig)

## 3. HOE DIE GELD BESTEE WORD

Fondse word in drie vlakke verdeel: nasionale, provinsiale en plaaslike regering.

'n Gedeelte van die begroting word opsy gesit as 'n gebeurlikheidsreserwe vir onverwagte gebeure (bv. natuurrampe).

# WIE BESLUIT OOR BEGROTINGS-TOEWYSINGS?

Die begroting is 'n gesamentlike poging wat deur staatsdepartemente gevorm word om billike en doeltreffende besteding te verseker. Dit gaan deur verskeie stadiums van hersiening en goedkeuring voordat dit wet word.

## 1. FUNKSIEGROEPLEIERS

Maak aanbevelings aan die tegniese komitee oor die begroting en hulle maak dan aanbevelings aan die Ministerskomitee oor die Begroting, wat insette lewer oor die begrotingsvoorstelle. Insette word gekoördineer en 'n begroting word opgestel.

## 2. DIE MINISTER VAN FINANSIES

Lewer in Februarie die begrotingsrede waarin die prioriteite van die regering, belastingsbeleide en bestedingsplanne vir die volgende drie jaar uiteengesit word.

## 3. DIE PARLEMENT EN TESOURIE

Ontleed en verbeter die voorstelle en verseker dat fondse doeltreffend toegewys word om in nasionale behoeftes te voorsien, terwyl fiskale verantwoordelikheid gehandhaaf word.

## 4. OPENBARE DEELNAME

Burgers, burgerlike samelewingsgroepe en sakeverteenwoordigers kan deur openbare verhore en oorlegpleging terugvoer verskaf wat help om begrotingsbesluite te vorm.

## 5. DIE PRESIDENT

Gee die finale goedkeuring deur die begroting te onderteken en te bekragtig nadat die Parlement daaroor gedebatteer en gestem het. Dit verseker deursigtigheid en verantwoord-baarheid oor hoe openbare fondse aangewend word.

# HOEKOM DIE BEGROTING VIR JOU SAAK MAAK

Die Begroting raak almal. Dit dien as 'n gids vir openbare besteding op dienste, infrastruktuur en ekonomiese groei vir 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners.

**1.** Begrotingstoewysings help om skole, hospitale en infrastruktuur te verbeter.

**2.** Die begroting verseker dat die regering se besteding billik en deursigtig is.

**3.** Die begroting stel burgers in staat om na te spoor waarheen hul belasting gaan.

## HOE KAN JY IN WISSELWERKING WEES MET BEGROTINGSINLIGTING?

Vulekamali is Suid-Afrika se aanlyn openbare begrotingsportaal – 'n platform wat enigiemand toelaat om staatsbegrotingsinligting te bestudeer, te verstaan en daarby betrokke te raak. Dit is ontwerp deur die Nasionale Tesourie saam met vennote in die burgerlike samelewing om begrotingsdata meer deursigtig en toeganklik vir die publiek te maak.

**Om toegang tot die portaal te verkry, KLIK HIER of skandeer die QR-kode.**



https://vulekamali.gov.za/ | vulekamali SA Online Budget Data

Minister van Finansies,Mnr Enoch Godongwana, saldie **2026-begrotingsoorsig** ter tafel lê op **Woensdag, 25 Februarie 2026.**

Kyk dit regstreeks op die Tesourie se X/Twitter, YouTube en groot nuuskanale.

